# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 08/02 | **Jolinda van Rooyen,** Wyk 2. |
| Do | 12/02 | **Berend Kroeze (7).** Wyk 4 |
| Vr | 13/02 | **Karen Aartsma,** Wyk 9 |
| | | **Coenraad Karsten,** Wyk 6 |
| | | **Suhanli van Dyk (9).** Wyk 9 |

**Bede met meelewing Psalm 134: 4.**

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**)

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** BankPotchefstroom.

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?





Die Susters van wyke 2 en 3 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 5 Sondag 8 Februarie 2026
*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL** 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en kategese :**
**Ouderlinge:** Wyk 7 **Chris van Ryssen**. Wyk 8 **Frans Coetzee**
**Diaken:** Wyk 7 **Coetzer Stoop** en Wyk 8 **Ruan van Heerden**
**Skinkbeurt Susters: Wyke 2 en 3: Wilmarie du Plessis, Dina Coetsee**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND** Die sakrament van die doop word vanoggend aan **CJ**, die seuntjie van **Erick en Johané Reynecke** bedien. Ons bid Erick en Johané die seën van die HERE in die opvoeding van CJ en ook Maroné toe. Gaste van Erick en Johané is hartlik welkom in ons midde vanoggend!

**VOORBEREIDINGDIENS**
**Woordbediening:** Psalm 52. **Fokusverse:** Psalm 52:10.
**TEMA:** *Verbondskinders is olyfbome geplant in God se huis tot sy eer.*
**Sing:** Psalm 84:1, 2; Psalm 118: 2, 10; Psalm 1: 1, 2; Psalm 127: 3, 4; Psalm 128: 3, 4; Psalm 144: 4, 5, 6.
**Bede met meelewing:** Psalm 134:4.

**AAND Woordbediening:** 1 Tessalonisense 1.
**Fokusverse:** 1 Tessalonisense 1:2-5.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 12.
**TEMA:** *Sekerheid van ons bewaring en volharding maak ons nie sorgeloos nie, maar is die wortel van ware Godvrug.*
**Sing:** Psalm 15: 1, 4; Psalm 36: 2, 3; Skrifberyming 14-1 [73]:1, 3; Psalm 107: 1, 10, 21; Skrifberyming 20-2 [50]: 1, 2, 7.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Dankbaarheidsfonds.** Volgende week: **Kerkkas**
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

ŉ Kleindogter van **Nicolene Coetsee** het vroeër die week 'n mangeloperasie ondergaan. Daar het komplikasies ingetree en sy het baie bloed verloor. Sy moet nou ŉ bloedoortapping kry. Ons dink in ons gebede aan haar ouers en aan Jaco en Nicolene.

**Fanie Jooste** is die afgelope week in Cintocare Hospitaal opgeneem nadat hy geweldige las van hoofpyne ontwikkel het. Ons is saam met hom en sy geliefdes dankbaar dat daar geen probleem met die dreineringsbuis gevind kon word nie. Die dokters moet nou nog die oorsaak van die hoofpyne vasstel. Ons verseker hom, Ems en ook Pieter en Brechtje en hulle kinders van ons voorbidding.

**Dean du Plooy** is Dinsdag uit Potchefstroom Hospitaal ontslaan en sterk nou tuis aan. Hy ontvang nog sterk antibiotika om die infeksie in sy been te laat opklaar. Ons verseker Dean, Barbara en Ruan van ons voorbidding vir hulle.

**André Joubert** word Donderdag in die Zuid-Afrikaans Hospitaal opgeneem vir toetse en verdere ondersoeke met die oog op behandeling van *Super Vena Cava Sindroom*. Ons verseker André van ons voorbidding vir hom.



Ons leef ook mee met **Japie en Christa van Jaarsveld** by wie daar in ŉ betreklike kort tydjie drie keer ingebreek is. Ons is saam met u dankbaar dat u telkens beskerm en behoed is en dit is ons bede dat daar verskerpte veiligheids-maatreëls in die buurt mag wees om die inwoners se lewens en eiendom te beskerm.

**Suzie Marais** moet op 17 Februarie ŉ skandering ondergaan alvorens die onkoloog op die bestraling van die kanker sal besluit. Ons verseker Suzie en Karel van ons voorbidding vir hulle.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Malie Wyma** wat nog bestraling ontvang. Daar lê vir haar nog twee weke voor waarin sy Maandae tot Vrydae bestraling moet ontvang en ons bede is dat sy en Klaas in hierdie tyd die troue liefde van ons hemelse Vader sal ervaar. Ons is ook dankbaar dat Malie in hierdie tyd nog steeds getrou haar pligte in die kerkkantoor nakom.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Daar is die afgelope week 'n eerste agterkleinseun, **Abie Kritzinger**, vir **Magrieta Pelser** gebore.

En daar is ook 'n agterkleindogter vir **Maarten en Petro van der Walt** gebore, klein **Estie Botha**.

Ons bring al die lof en dank aan ons troue Verbondsgod vir die bevestiging van sy Verbond. Mag Magrieta en Maarten en Petro saam met hulle kinders en kleinkinders veel vreugde van hierdie verbondskindertjies ervaar.

Ons deel ook in die diepe dankbaarheid van **Susan Coetzee** wat die afgelope week die uitslae van die biopsie wat gedoen is, ontvang het. Die uitslae was negatief. Ons dank die Here vir sy groot genade en bid Susan en prof. Callie krag en sterkte in die geloofswedloop toe.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 08/02 | 09:30 | Voorbereiding en Doop | |
| | | 08:30 | Hoërskoolkatkisasie Les 3 | Bovertrek |
| | | 11:00 | Laerskoolkatkisasie Gen, 4, 6 & 11 | Bovertrek |
| | | 17:00 | Diakonie vergadering | Konsistorie |
| | | 19:00 | Kerkraad en diakonievergadering | Kerkgebou |
| | | | Ouderlinge verslagvergadering | Kerkgebou |
| Di | 10/02 | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 11/02 | 18:00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 6b) | Konsistorie |
| Do | 12/02 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiers 1: 15 ev | Kerksaal |
| | | 18:00 | Bedieningskommissie | Konsistorie |
| Sa | 14/02 | | Susters: Koekies bak | Kerksaal |
| So | 15/02 | 09:30 | **NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE** | |
| Wo | 18/02 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Vr | 20/02 | 17:30 | **GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI** | Kerkterrein |

| KATKISASIE | Sondag 8 Februarie | Sondag 22 Februarie |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 3 | Les 4 |
| **Lesrooster:** | Genesis 4, 6, 11(bl 3) | Genesis 12 & 21 |
| **Psalmvers:** | Psalms 61: 2 | Psalms 62: 5 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 31 | Sondag 32 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 4 | Eksodus 20: 5 |

**BYBELSTUDIE** Bybelstudiebyeenkomste hervat die komende week:

- Bybelstudie by Huis Eikelaan vind Dinsdagmiddag om 15:30 in die Rooi Sitkamer plaas.
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 6b van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1:15 en verder bestudeer.



**BEDIENINGSKOMMISSIEVERGADERING**
DIe vergadering van die Bedieningskommissie wat vir 15 Januarie beplan is, verskuif na Donderdag 12 Februarie om 18:00 in die konsistorie.

**VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**
Aangesien ons gemeente se finansiële jaar op 28 Februarie 2026 sluit, word lidmate versoek om hulle kerlike bydraes op datum te bring.

**Toegang tot die kerkterrein gedurende weeksdae**
Indien u gedurende weeksdae die kerkkantoor moet besoek, reël asb. vooraf met Pieter of Malie sodat hulle vir u die hek in **Maurylaan** kan oopmaak. Kom ons probeer om gedurende die week die **Maurylaanhek** te gebruik.

**TER APPROBASIE**
**Rynhardt Landman,** wat vanjaar sy prakties in ons gemeente doen, word ter approbasie vir die diens van ouderling aan die gemeente voorgehou. Indien Rynhardt die roeping opvolg, sal hy op 15 Februarie tydens die aanddiens in die diens van ouderling bevestig word.

# VAN ONS SUSTERS

Die sustersbestuur en die wyksusters het verlede week 'n heerlike byeenkoms gehad waar ons van mekaar geleer, vir mekaar raad gegee het en sommer lekker gekuier het.
Ons vier die Heilige Nagmaal DV op Sondag, 15 Februarie en die susters nooi u hartlik uit om na die nagmaalviering ook saam te kom eet.
Die spyskaart lyk soos volg:
Koue, gevulde hoenderborsies
Koue frikadelle
Uitpakslaai met waatlemoen, spanspek en pynappel
Koes-koesslaai
Broodrolletjies met botter en konfyt
Roomys buffet en aarbeikaaskoek
Gee asb julle name op by Pieter of Malie nie later nie as Donderdag, 12 Februarie.
Ons hoop om almal daar te sien!
Daar is nie koste verbonde aan die ete nie, maar donasies is baie welkom!

*Groete Alta Pretorius*